14 Januarie 2010

OUEROMSENDBRIEF 1/2010

Geagte ouers/voogde

1. 2010
Wat 'n geleentheid het hierdie jaar nie vir ons om elke dag te ontdek nie?

Ek hoop julle ouers, voogde, kinders, personeel en vriende van die skool ontvang en ontgin hierdie jaar net die beste wat die lewe ons kan bied.

Ek hoop voorts dat vrede en liefde in elke huis waardes en geleenthede sal wees wat elke oomblik in elke gesin net daar is. Geniet 2010.

2. Baie welkom terug aan u as ouers, voogde, leerders, werkers, onderwysers. Ek hoop om 2010 heerlik met u almal saam te werk.

3. Die volgende onderwyspersoneelsake vir u aandag:

3.1 <u>Nuwe personeel</u>
Mev. Sharon du Plessis Departementshoof, Intermediêre fase en Senior fase (Intersenfase).
Mnr Gerhard Pretorius, onderwyser vir Graad 6 met leerareas MBK Graad 5 en 6, Tegnologie Graad 4 en 5, EBW Graad 6 en 7.
Mej. Petro Conradie, onderwyseres vir Graad 2.

Onderwysers wat vir korter tydperk tydens siekverlof diens doen, soos volg:

Mev. Corrie du Toit (Graad R) : Mev. Jeanette Olivier
Mev. Tina de Villiers (Media) : Mej. Carla Bezuidenhout.

2. KWARTAALPROGRAM – 1STE KWARTAAL 2010
Die volledige kwartaalprogram word volgende week vir u uitgestuur. Hierdie week ontvang u net die inligting vir volgende week.

2.1 <u>LET ASB</u>. op die volgende gebeure in die kwartaalprogram:

2.1.1 <u>Dinsdag - 19 Januarie 2010</u>
Gr. R, kleuterskole en Graad 1-atletiek op ons velde vanaf 17:00.

Na die kleinvolk se atletiek begin die bring-en-braai vir Grade 1 tot 3. Graad R se bymekaarkom vind later plaas. U sal ingelig word. Kom ontmoet u Beheerliggaam.

2.1.2 <u>Woensdag - 20 Januarie 2010</u>

18:30 – Seëndiens op pawiljoen.
Ds. Cassie Carstens lei vir ons die diens.
Bring asb. u stoel of kussing en bring die hele gesin saam. Die sëendiens behoort nie langer as een uur te duur nie.

2.1.3 <u>Donderdag - 21 Januarie 2010</u>
Ken-mekaar-braai vir Graad 4-6 vanaf 18:00 by die verversingslokaal.
Kom ontmoet u Beheerliggaam.

2.1.4 <u>Vrydag - 27 Januarie 2010</u>
Gr. 7-leerders se "Bubble Bash" tydens die Gr. 7-ouerbraai 18:30.
Kom ontmoet u Beheerliggaam.

Vriendelike groete

_____

J.W.C. SCHEEPERS
HOOF